NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar

'n Gemeente wat omgee

Bulletin
19 April 2026

## EK LEEF NOU AL IN JESUS SE HEMELSE ATELJEE

Ek is deur Jesus genooi om binne Sy verhaal te leef. Nee, dis nie andersom soos wat sommiges dink nie. Ek nooi nie vir Jesus in my storie in nie. Hy nooi my in Syne in. Hy maak my deel van sy lewe. Nooit vergoddelik ek my eie storie nie. Nooit leef en skryf ek glansryke outobiografieë oor my suksesse en prestasies nie. Jesus se opofferende lewe is my voorbeeld, my padkaart, my bladmusiek en my lewensteks. Ek lees en leef Sy verhaal. Ek maak dit my eie. Binne die evangelies vind ek my nuwe identiteit en my padwysers.

Jesus nooi ons almal vandag na Sy kunsateljee toe om ons lewenstories tot hier weer te besoek en om dit anders te verstaan en in te kleur. By Jesus leer ons aanhoudend hoe om Sy hemelse verfkwas te gebruik. By Hom leer ons hoe om die regte genadekleure op ons verfpalet te meng en hoe om dit op outentieke maniere in ons eie lewe te gebruik sodat al die fokus op Hom en op ander mense sal val.

Ons gebruik graag die helder verfkleure van Jesus se liefde en vreugde. Ons gebruik die verfkleure van medelye om mense rondom ons se nood konkreet aan te spreek en uit die pad te verf. Terselfdertyd gebruik ons Jesus se brug-bouende liefde as ons vernaamste verfkwas, wanneer ons tussen strydendes en bakleiendes is. Dan beskilder ons sulke omgewings graag met sagte woorde wat woede laat bedaar en vergifnis laat wen. Nooit hou ons op om Jesus se nuwe narratief na te leef nie. Nooit hou ons op om Sy nuwe verfkleure te gebruik om die wêreld rondom ons anders te skilder nie. Ons leef immers nou reeds in Jesus se hemelse ateljee hier op aarde.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

## VANDAG 19 APRIL

- Erediens: Alk: 09:00; Ngd: 18:00

## SONDAG 26 APRIL

- Erediens: Alk: 09:00, Leraar ds: André van Rooyen
- Erediens: Ngd: geen aanddiens nie ☞

## DEUROFFERS IN APRIL: Hugenote Kollege

Die Hugenote Kollege is 'n privaat Christelike opleiding-instansie wat by die Departement Hoër Onderwys geregistreer is. Dit bied opleiding aan mense wat hulleself wil bekwaam vir 'n diensgerigte loopbaan. Die Kollege lei studente vanuit die Christelike geloof en waardestelsel op om maatskaplike en kerklike dienswerk te beoefen. Tel. 021-873 1181.
Meer inligting by www.hugenote.com

## SONDAG 3 MEI

- Arbeidsondag
- Erediens: Alk: 09:00

## WEGNEEMETE OP SONDAG 10 MEI 2026



Bederf jou gesin op Moedersdag met 'n wegneemete beskikbaar na die oggend se erediens. Hoender (quarter leg), geurige rys, pampoentert en slaai vir slegs R60 kan bestel word op die lys of by die kerkkantoor met 'n whatsapp na 082 261 0371 vóór Woensdag 6 Mei asb.

## Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035 Snapscan:
Takkode 334-252; Internet-takkode 632005

***Verwysing vir inbetalings is belangrik asb!***
Gebruik ***u naam*** en *een van die volgende…..*
(afhangende van die offergawe wat u gee):
***DO*** vir maandelikse dankoffers
***10de*** vir tiendemaand bo-en-behalwe offergawe (Okt)
***GOB*** vir geloofsofferbeloftes (sending/evangelisasie)

## Kontak ons gerus:

<u>*Predikant:*</u> Johannes van der Merwe
074 142 3456; ephesians321@me.com
<u>*Kerkkantoor tel nr's:*</u> 013-733 3873 / 082 261 0371
<u>*Kerkkantoor:*</u> Gladys Grobler; ngkerk@alkmaar.co.za
<u>*Koster:*</u> *Alk:* Estie Erasmus 076 625 3188 skakel of WhatsApp
<u>*Koster:*</u> *Ngd:* Madelein Venter 083 607 0728
<u>*Gemeente webwerf:*</u> www.alkmaar.co.za

## Ngodwana Eredienste & Kategese:

Tydens skoolkwartale: kategese 17:00, erediens 18:00 by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

## Kinderkerk (kinders vanaf 3 jr tot Gr 2):

Tydens die oggenddiens in die saal op 17 Mei, 21 Junie en 26 Julie 2026.

## Vergaderings:

Ma. 4 Mei 10:00 Barmhartigheid, Evangelisasie, Aanbidding
Wo. 6 Mei 17:00 Steundiensgroep

# Bulletin

19 April 2026

"Daar is nou nie meer Jood of Griek, nie meer slaaf of vryman, nie meer manlike en vroulik nie; want julle almal is één in Christus Jesus!." Galasiërs 3:28

## VOORBIDDING

▣ **Kom bid saam:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08:45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **Gebedsaksie en –versoeke:** Kontak gerus ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **Siekes:** Madelein Venter, Hester Liebenberg, Ruan van Wyk, Bertus Saayman, Mariana Mahoney, Janine Stoop, Evette Eastes, Jan Pienaar, Lillian Greyvenstein, Sarie en Freek Esterhuizen, Freek Esterhuizen (jnr), Ester van Wyk.

▣ **Ander siekes:** Elti Steensma se kleinseun, Ruben van der Hyde, Theuns Steyn, Kleintjie Snyman, Beverley Butler, Franci Osborne, Charmaine Henning, Marcelle Slabbert, Ian van Vuuren, Dup du Plessis, Liezel Theron (ma en pa), Pieter Theron se ma, swaer Wynand Basson en suster Wilna, Riaan Beyleveldt se skoonsuster, mense met depressie en kanker.

▣ **Ander:** Ons 5 evangeliste: Phetsile, Amon, Simon, Jackson en Terrence. Boere en gesinne weens vloede, droogtes, uitdagings met diere ens.

## KERKRAADSLEDE VAKANT

Ons benodig lidmate vir Evangelisasie, Toerus (Alk). Navrae: Frank Erasmus, predikant, kerkkantoor.

## MANIERE OM DANKOFFERS TE GEE

Baie dankie vir lidmate wat getrou hulle dankoffers gee (2 Kor. 9:6-7). U word opnuut versoek om seker te maak en veral te kyk na herhalende internetbetalings wat jaarliks hernu moet word. Maandelikse dankoffers (verw: jou naam + DO) kan gedoen word per debietorder; elektroniese oorbetaling; met u selfoon via ons gemeente se Snapscan-kode (laat weet asb. die kerkkantoor - whatsapp na 082 261 0371 - indien u 'n dankoffer so betaal, omdat daar nie op Snapscan gespesifiseer kan word nie). Gebruik Snapscan ook vir eredienskollekte.

## KOMPETISIEKAARTJIES

Saam met ons jaarlikse seevisbraai is daar weer hierdie jaar kaartjies wat verkoop gaan word met drie pryse te wen wat binnekort beskikbaar sal wees.

## MAKARIOS MANNEKAMP 15-17 MEI

Kom saam, kom luister, kom praat, kom sit langs die vuur. Vir verdere navrae kontak gerus vir Willem 082 656 7332 Henk 082 446 4769 of Louis 082 771 0891.

## VERJAARSDAE

20e Zian Minny NST, Elena van der Westhuizen ALK
21e Erwin Louw NGD, André van Brakel SCHAG
22e Zane van der Walt NST
23e Franko Coetzee RIETF, Liezel Erasmus ALK, Christo Nel WR
24e Janco Cronjé SCHAG, Francois Nel NST, Cianca Scriven en Laché Scriven CAIRN

## FONDSINSAMELINGSPROJEKTE 2026

### Skenk wit olifant-items:

Ons vra alle lidmate om ongebruikte items by die huis (groot of klein) na die kerk te bring. Die items sal verkoop word by die Rademeyer-veiling as deel van ons fondsinsameling. Navrae: Frank Erasmus. Baie dankie ons het reeds R1 875.00 ontvang t.o.v. Jan, Feb en Mrt se items verkoop.

### Te koop:

- Water: pakke van 12x500ml bottels @R70
- Suurlemoensap: 440ml konsentraat @R50
- Wildswors: 1kg pakke @R130

Beskikbaar in die saal na die erediens.




- Skryf jou naam op die lys of bespreek per whatsapp by die kerkkantoor (082 261 0371) en betaal voor 17 Junie asb. Eft verw: vis + naam en van.
- Ons benodig asb. bestanddele vir die voorbereiding van kos, ook nog 20 tuisgebakte brode en 16 malvapoedings in 30x22x5 foeliepanne. Kontant donasies ook welkom. Navrae: Marike Freeman (072 120 6917).